


Naamloos



Youth mag

April tot Mei 2014

Uitgawe 2

NG Gemeente Rietfontein-Suid

Paasfees...





So is nog 'n vakansie verby, of moet ek eerder sê 'n langnaweek, maar nie te min daar is wel 'n hele klomp langnaweke wat voorlê. Dit is skrikwekkend om te dink dat ons al in die tweede kwartaal is, tyd vlieg so vinnig. Hierdie tyd van die jaar is eintlik vir my so spesiaal, vir een rede en dit is die viering van Paasfees en die opstanding van Jesus uit die dood. Daarom dan ook die artikel van Paasfees, sodat ons bietjie nadink of dit vandag nog vir ons iets beteken of nie? So gaan loer maar na die artikel en dink dan wat Paasfees vir jou beteken. Ek sien baie uit na die kwartaal, dit gaan propvol pret wees! Ons gaan in hierdie kwartaal weer kyk na 'n kort reeks wat ons kan aanpak so hou maar dop daarvoor, details sal later bekend gemaak word.

Dankie, vir elkeen van julle sê getrou bywoning elke Sondag, dit maak my opgewonde as jongmense so passievol is oor die Here. Daarom hoop ek dat ons sal besef dat ons as jongmense 'n verskil in die wêreld kan maak, soos ons gesien het in die 4 weke reeks wat ons gedoen het. Hoop regtig dat dit die passie in jou hart aan die brand gestee het en dat jy al besig is om 'n verskil te maak oral waar jy gaan. Mag jy die Here se seën ervaar in hierdie kwartaal met alles wat jy aanpak.

Groete Stanwin Street

April 2014

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
		1	2	3	4	5
6	7 Skole begin!	8 Jeugtaakspan vergadering 18:30	9 Solum & J- Café 18:30	10	11	12
13 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 begin in die saal Aanddiens Skop af! 📖 18:00	14	15	16 Solum & J- Café 18:30	17	18 Goeie Vrydag	19
20 Aanddiens 📖 18:00	21 Gesinsdag	22 <u>18:30-21:00</u> Belydenisgroep 2014	23 Solum & J- Café 18:30	24	25	26
27 Vryheidsdag Aanddiens 📖 18:00	28 Openbare vakansiedag	29 Skool- vakansiedag	30 Skool- vakansiedag			

“Net in Jesus het ons die versekering van verlossing, die vergewing van sondes, die toetreding tot God se familie en die waarborg van die hemel vir altyd wanneer ons sterf” – Luis Palau

Mei 2014

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
				1 Werkersdag	2 Skool - vakansiedag	3
4 Aanddiens 📖 18:00	5	6	7 Stemdag	8	9 Social!!! 18:00 Deurnag	10
11 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 in die saal Moedersdag Aanddiens 📖 18:00	12	13 <u>18:30</u> Netwerkk ursus(Deel 1)	14 Solum & J- Café 18:30	15	16	17
18 Jeuggroepe (Gr.8-12) 17:15 in die saal Aanddiens 📖 18:00	19	20 <u>18:30</u> Netwerkk ursus(Deel 2)	21 Solum & J- Café 18:30.	22	23	24
25 Jeugkuier 17:15 🎶Youthbash🎶 18:00	26	27 <u>18:30</u> Netwerkk ursus(Deel 3)	28 Solum & J- Café 18:30	29 Hemelvaart- diens	30	31




"Moenie aan jou hoop vashou nie, maar hou vas aan Christus, die Bron van ons hoop" – Charles H. Spurgeon

Sondag Selgroepe



Graad 8 – seuns & dogters

Carel 079 436 6826




Graad 9 – seuns & dogters

Channelle 072 575 8904



Graad 10 en 12 – seuns & dogters

Stanwin 079 525 5695



Graad 11 – seuns & dogters

Petro 072 048 9856

"Christus is in die eerste eeu gebore, tog behoort Hy tot alle eeue. Hy is as 'n Jood gebore, tog behoort Hy tot alle rasse. Hy is in Betlehem gebore, tog behoort Hy aan alle lande" – George W. Truett



SOLUM

NG GEMEENTE RIETFontein-SUID

Solum is die Latynse woord vir fondasie. Daarom vertrou ons by Solum dat dit wat ons doen en bespreek, dat die Here dit as fondasie sal gebruik waarop Hy verder kan bou. So as jy tussen die ouderdom van **18** en **35** is wil ons jou uitnooi om ons te join, **Woensdagaande 18:30** by die kerk. Vir meer inligting kontak

Petro 072 048 9856



Ons almal het 'n plek nodig waar ons voel ons 'belong' en waar ons saam kan gesels oor die lewe en waar die Here jou wil gebruik. Daarom wil ons jou uitnooi na J-Café. **Woensdagaande 18:30** in die Katakombe! Almal van **Gr.8-12** is welkom. Vir meer inligting kontak

Stanwin 079 525 5695



**Ons benodig mense wat musikaal
is, so as jy 'n instrument kan
speel of weet van iemand.
Skakel vir Johann Dednam
Tel: 083 261 7040**

Vreugde is by uitstek 'n Christelike word en 'n
Christelike saak. Die bron van vreugde lê diep in
Jou binneste. En daardie bron droog nooit op nie.
Slegs Jesus gee daardie vreugde – Samuel D. Gordon.

Bemoediging...

As jy behoefte het aan bemoediging of gebed is jy ook welkom om vir
Petro Jonker of Channelle Daffue te kontak en 'n afspraak met hulle te
maak. Hulle is daar vir jou so maak gebruik van die geleentheid. Jy is
belangrik vir ons.



Spreekure

Woensdae 17:15 – 18:30 in die Katakombe.

- Vir enige vrae.
- Probleme.
- Gebed.
- Of om net lekker te gesels.

Enige een is welkom!

Stanwin 079 525 5695

Email: StanwinS@gmail.com



Sending Sonder Grense / Mission Without Borders

Elke eerste Sondag van die maand samel ons geld in vir Valeriu. Hy is 10 jaar oud en bly in Moldova. Hy is serebraal gestremd. Valeriu se grootste droom is om normaal te wees soos al sy vriende. Hy het net 'n ma wat na hom omsien, so die kans vir behandeling of 'n operasie is maar skraal, daarom wil ons graag help om 'n verskil in sy lewe te maak. As die Here dit op jou hart lê, bring 'n geldjie saam.

Jeugkuiers

Ons het elke laaste Sondag van die maand

'n Jeugkuiers waartydens daar dan nie kategetiese is nie, maar waar al die jeug dan

saam in die saal bymekaar kom en lekker

saam as 'n groot groep kuis, met koeldrank,

chips en lekkers.



Sosiaal 9 Mei 2014 Deurnag... 18:00-07:00

Kom join ons vir 'n aand vol pret! Daar gaan kos en koeldrank voorsien word, al wat ons vra is dat elk persoon 'n R10 sal bring, wat dan sal bydra tot alles wat die aand gaan plaasvind. Jy kan jou R10 by jou kategetiese groep inbetaal voor die tyd ook. Navra Kontak Stanwin

Program:

- Speletjies
- Marshmallow braai
- Lanterin bekruij
- Vasvra kompetisie (met pryse)
- Movies

Waar jy betrokke kan raak...

Dien met jou gawe/s en raak deel van die jeugtaakspan. As jy op enige manier betrokke wil raak soos bv. met naamloos, socials, uitreike, om mense te bemoedig of enige ander iets wat jy in gedagte het. Maak 'n afspraak met Stanwin dan gesels julle oor jou idee wat jy het. As jy nog nie weet wat jou gawe/s is nie kan jy die Netwerkkursus bywoon, sien kalender vir datums.



Duda mobile

- Saampraat papiere.
- Cool links.
- Twitter.
- Stuur 'n email vir die leiers.
- Gee ook vir ons wenke oor hoe ons die Jeug kan verbeter.



Share ook met jou vriende!



Ons het ook nou ons eie **Facebook** page:

NG Gemeente Rietfontein-Suid Jeug.

So gaan like  hom op **Facebook**

en invite al jou vriende!



Youthbash

Wanneer: Elke laaste Sondag van die maand

Tyd: 18:00 – 19:30 **Almal is Welkom!**

Social 7 Februarie...



Social & Maart...



#imagine

Kamp 2014





JUST
**DON'T GO TO CHURCH;
BE THE CHURCH.**





SOLUM
NGK Rietfontein-Suid



HOpE BOKS PROJEK

R20 / R25 per
Boks

Kontak:

Petro Jonker

072 048 9856

Ilze de Klerk

082 403 7972



Happiness 

isn't about
getting what you want
all the time.

It's about loving
what you have
and
being grateful for it.



Skinder hoekie...

— Leer ken die leiers.



1. **Wie is jy en wat doen jy vir 'n lewe?**

My naam is Channelle en ek studeer onderwys voltyds by Tukkies.

2. **Hoeveel jaar is jy al in die gemeente? Wat is jou betrokkenheid by die gemeente?**

Ek in die gemeente al vir nege jaar, ek is die jeug leier vir die graad nege meisies en seuns of die oomblik en ek is ook deel van die jeug sang groepie.

3. **Wat doen jy vir fun? (Stokperdjies)**

Ek is mal oor die natuur, kuns en net saam met vriende kuier.

4. **Gunsteling movies?**

Ek hou baie van my televisie series en scary movies.

5. **Gunsteling band/s?**

My gunsteling bands is Paramore en Maroon 5.

6. **Wat is jou gunsteling kleur/e?**

My gunsteling kleure is pienk en groen.

7. **Van watse dier hou jy?**

Diere wat ek die meeste van hou is enige soort kat.

8. **As jy enige plek in die wêreld kon besoek, waar sal sou dit wees?**

As ek enige plek in die wêreld kon besoek sou dit Frankryk wees.

9. **As jy 'n miljoen rand kry of wen wat sal jy daarmee doen?**

As ek 'n miljoen rand moes wen sou ek baie skoene koop... gedurende my trip in Frankryk.

10. **Is jy 'n oggend of 'n aand mens?**

Ek is definitief nie 'n oggend mens nie, ek is baie vriendeliker in die aande.

11. **Wat sal jou droomwerk wees?**

My droom werk is om 'n verskil in kinders se lewens te maak deur kuns, dis hoekom ek onderwys swot.

12. **Wat verkies jy, die platteland of die stad?**


As ek kon kies sou ek op die platteland gebly het.

13. **Gunsteling kos?**

My gunsteling kos is pizza.

14. **Jou gunsteling quote.**

"Happiness will never come to those who fail to appreciate what they already have".



Paastyd en nie haastyd.

Wat beteken Paastyd vir jou?


Paastyd is seker een van die belangrikste tye op ons Christelike Kalender, bloot vir die feit dat dit 'n gebeurtenis is wat ons hele wêreld en betekenis tot die lewe kom verander het. Dit is 'n tyd waar gelowiges nadink aan die wonderlike offer wat Jesus Christus kom opoffer het deur te sterf aan die kruis vir my en vir jou. Maar as mens praat van die kruisiging moet mens ook na die ander kant van die munt kyk en dit is die opstanding en hierdie twee loop hand aan hand, want deur die opstanding kom sê dit vir ons dat ons nie 'n dooie Here dien nie maar die lewende Here. So dit is belangrik dat ons nie net by die kruisiging vas hak nie maar dat ons ook sal besef dat Jesus die dood oorwin het en uit die dood uit opgestaan. Wat sleg is soos met meeste dinge het die sekulêre media die betekenis van Paastyd verwoes deur die fokus op paaseiers en die paashaas te plaas en dit eintlik net oor geld te maak en nie oor die ware betekenis, wat soveel meer vreugde bied as paaseiers en die paashaas. Die vraag is dan wat maak ons daaromtrent sonder om skade aan ander te doen? Die ding is daar moet 'n verskuiwing in fokus plaasvind, sodat ons die ware betekenis van Paasfees kan ervaar en ook deel met die wêreld. Daarom dink ek dit is nodig om te besef wat Jesus vir die wêreld kom doen het en dit is in die eerste plek om eer aan God te gee en tweedens om ons te kom verander deur die bloed en so ons te versoen met God. So wat beteken Paasfees vir jou? Het dit nog die ware betekenis of het ander dinge belangriker geword as die herdenking van wat Christus vir my en vir jou kom doen het?

Gebedsmuur...



Daar is so baie Christene regoor die wêreld wat daaglik vervolg in die oë staan, tog volhard hul steeds in hul geloof. Danksy organisasies soos Open doors, wat ons bewus maak van hierdie lande en ook die situasies in hierdie lande, kan ons 'n verskil maak deur daaglik hierdie lande en die Christene daar aan die Here op te dra in gebed. Die lys bestaan uit 50 lande en dit is ingedeel van die lande met die meeste vervolgings na die lande met minder vervolgings. Vir meer inligting oor die 50 lande gaan kyk gerus op- www.opendoors.org.za

World Watch List 2014:

- 
1. North Korea
 2. Somalia
 3. Syria
 4. Iraq
 5. Afghanistan
 6. Saudi Arabia
 7. Maldives
 8. Pakistan
 9. Iran
 10. Yemen
 11. Sudan
 12. Eritrea
 13. Libya
 14. Nigeria
 15. Uzbekistan
 16. Central African Republic
 17. Ethiopia
 18. Vietnam
 19. Qatar
 20. Turkmenistan
 21. Laos
 22. Egypt
 23. Myanmar
 24. Brunei
 25. Colombia
 26. Jordan
 27. Oman
 28. India
 29. Sri Lanka
 30. Tunisia
 31. Bhutan
 32. Algeria
 33. Mali
 34. Palestinian Territories
 35. United Arab Emirates
 36. Mauritania
 37. China
 38. Kuwait
 39. Kazakhstan
 40. Malaysia
 41. Bahrain
 42. Comoros
 43. Kenya
 44. Morocco
 45. Tajikistan
 46. Djibouti
 47. Indonesia
 48. Bangladesh
 49. Tanzania
 50. Niger

KONTAKBESONDERHEDE

Leraars:

Ds. Leon van Heerden 0836601803/leonvh@vodamail.co.za

Ds. Leon Tait 0826014235/taitgesin@yahoo.com

Pastorale hulpe:

Ds. Dirk van Zyl (seniors) 0840288993/caddvanzyl@absamail.co.za

Stanwin Street (hoërskool-jeug) 0795255695/stanwins@gmail.com

Koster:

Frans Viljoen 0827075128

Kerkkantoor:

012 331 3531

Jeanette de Beer (Kassier) jeanette99@telkomsa.net

Elna du Plessis Nel (Skriba) ngriet@telkomsa.net

GEBEDSLYN: 082 569 6590

GEMEENTE WEBWERF: www.rietfontein-suid.ng.org.za



Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid



Facebook: NG Gemeente Rietfontein-Suid Jeug



Twitter: @ngrietsuid

